## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 26 JUNIE 2018 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Waarnemende Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van Gemeenskapsdienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Alberts | : | Direkteur Gemeenskapsdienste – waarnemend |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Administrasie |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. M Mseleni | : | Intern: Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Mev. AA Barry | : | Klerk: Komitees |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

AKSIE

**BKN024/06/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadsheer van Rooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan Mnr. M Mseleni, Intern: Interne Ouditeur en Anelia Coetzee van CK Rumboll en Vennote.

***

**BKN025/06/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Gemeenskapsdienste – verlof

***

**BKN026/06/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN027/06/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DONDERDAG 14 JUNIE 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Donderdag 14 Junie 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (AA BARRY)***

***

**BKN28/06/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN029/06/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Met toestemming vanaf die Voorsitter, doen Raadslid du Plooy die volgende mededelings:

- Dat 'n leerder van Porterville op Vrydag 22 Junie 2018 in 'n busongeluk gesterf het; en
- Dat 'n plaaswerker se lyk op Sondag 17 Junie 2018 in 'n watersloot op die plaas, Keerom Boerdery gevind is.

Die Voorsitter deel die Raad se innige simpatie met die families en wens hul sterkte toe.

***

**BKN030/06/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: WEST COAST DISTRICT MUNICIPALITY 2016/17 POPULATION & CLIENT SATISFACTION SURVEY DATA COLLECTION METHODOLOGY & RESULTS**
**3/3/1/5**
***('n Visuele voorlegging word gedoen)***

Mev. Coetzee neem die Komiteelede deur die visuele voorlegging en gee breedvoerig agtergrond rakende die projek.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter bedank die afgevaardigde vir die goeie voorlegging, waarna sy die vergadering verlaat.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN031/06/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN032/06/2018**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: BELEID: HULP TEN OPSIGTE VAN BEGRAFNISSE AAN BEHOEFTIGE HUISHOUDINGS/PERSONE EN DIE HANTERING VAN ARMLASTIGE BEGRAFNISSE**
**16/7B, 16/7/3**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Sy hou aan die Komitee die onderstaande voor:

- Dat armlastige begrafnisse hanteer word deur Weskusdistriksmunisipaliteit; en
- Dat behoeftige begrafnisse hanteer word deur Bergrivier Munisipaliteit.

**REGSTELLINGS:**

Dat die laaste paragraaf op bl. 1 van die beleid soos volg lees:

- Dit kan ook persone van Goedverwacht, Wittewater, landelike gebiede ***en*** agterplaasbewoners insluit, indien hulle voldoen aan dieselfde ***bedoeling*** soos van toepassing op die registrasie van deernishulp.

Dat die volgende opskrifte in die beleid soos volg lees:

- ***Definisie van*** Behoeftige persone/huishoudings
- ***Definisie van*** Armlastige persone

Dat punte 3.1 en 3.5 in die beleid geskrap word.

**BESLUIT**

Dat die Munisipale Bestuurder met die Munisipale Bestuurder van Weskus-distriksmunisipaliteit konsulteer rakende Armlastige begrafnisse en terugvoer aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gee.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN033/06/2018**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SLEUTELPRESTASIE AREA'S – TL 54, 55 EN 56**
**9/1/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en neem die Komitee deur die verslag soos voorgelê.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die onvoltooide sleutelprestasie area's wat deur die Direkteur Tegniese Dienste in konsep voltooi en ingedien is;
2. Dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n voorlegging doen oor die sleutelprestasiearea D330 *"Research the development of a strategy for innovative methods to manage droughts and water supply (TL 54)"* by die Direksie vergadering van Maandag 23 Julie 2018; ***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (23/07/2018)***
3. Dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n voorlegging doen oor die sleutelprestasiearea D331 *"Research the development of a strategy to develop innovative methods to manage energy supply and/or alternative means of energy (TL 55)"* by die Direksie vergadering van Maandag 23 Julie 2018; ***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (23/07/2018)***
4. Dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n voorlegging doen oor die sleutelprestasiearea D332 *"Develop a Bergrivier Integrated Transport Plan aligned with the Integrated Transport Plan of West Coast District Municipality (TL 56)"* by die Direksie vergadering van Maandag 06 Augustus 2018; ***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (06/08/2018)***
5. Dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n voorlegging doen oor die sleutelprestasiearea's D330, D331 en D332, soos vermeld by punte 1 tot 3, by die Tegniese Dienste Komitee vergadering op Dinsdag 07 Augustus 2018;en ***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (07/08/2018)***
6. Dat die Direkteur Tegniese Dienste alle insette van die Tegniese Dienste Komitee verwerk, indien enige, vir finale voorlegging by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat plaasvind op Dinsdag 28 Augustus 2018. ***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (28/08/2018)***

***

**BKN034/06/2018**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

**BESLUIT**

Dat hierdie item oorstaan tot die volgende Uitvoerende Burgemeesters-komiteevergadering.

***

**BKN035/06/2018**
**OPNEEM VAN EKSTERNE LENING**
**5/14/1/3**

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad die volgende eksterne lening ten bedrae van R6 080 000.00 by Standard Bank opneem vir die gedeeltelike finansiering van kapitaaluitgawes vir die 2017/2018 finansiële jaar en wel soos volg:
    a) **R6 080 000.00 oor 5 jaar** soos per tender by Standard Bank opneem. Betaling van jaarlikse paaiemente geskied op 30 Junie van elke jaar met begindatum 30 Junie 2019 en einddatum 30 Junie 2023; en
2. Dat die Raad goedkeuring verleen dat die Munisipale Bestuurder sodanige kontrak bekragtig wat die eksterne lening finaliseer.

***

**BKN036/06/2018**
**DRAFT 2018/19 PREFERENTIAL PROCUREMENT POLICY AND METHODOLOGY**
**2/B**
***('n Gewysigde verslag word voorgelê)***

The Director Financial Services gave a brief background to the item under discussion.

Furthermore the Director Financial Services stated that he will prepare a report for the Financial Services Committee for a discussion regarding local service providers doing business in Bergrivier Municipality.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee approves the 2018/19 Preferential Procurement Policy and Methodology.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**BKN037/06/2018**
**TIME SCHEDULE OF KEY DEADLINES: 2018/19 BUDGET AND INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN (IDP)**
**9/1/2**

The Municipal Manager gave a brief background to the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

1. That the draft Time Schedule of Key Deadlines be approved for the 2018/19 financial year; and
2. That the approved Time Schedule of Key Deadlines be advertised and placed on the municipal website.

***

**BKN038/06/2018**
**WYKSKOMITEES: VERSLAG RAKENDE WYKSKOMITEE VERGADERINGS GEHOU IN JUNIE 2018**
**3/2/1/3**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Sy versoek dat elke Direkteur die wykskomitees se notules nagaan en seker maak dat die kwessies soos uitgewys word aangespreek.

Verdere insette/kommentaar word gelewer deur die Munisipale Bestuurder.

**AANBEVELING: AAN DIE RAAD**

Vir bespreking deur die Raad.

***

**BKN039/06/2018**
**SPORT ONTWIKKELINGSPLAN 2018 – 2022**
**9/1/2**

Raadslid du Plooy lei die item en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**BESLUIT**

1. Dat ‘n werkswinkel gereël word met die Sportraad in Bergrivier Munisipaliteit rakende die Sport Ontwikkelingsplan 2018 - 2022; en
2. Dat die Sport Ontwikkelingsplan 2018-2022 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad goedgekeur word, onderhewig aan die begrotingsprosesse in die toekoms.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN040/06/2018**
**VERLENGING VAN HUIDIGE SPOEDMETINGSKONTRAK**
**17/10/1**

Raadslid du Plooy lei die item en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Dat die kontrak van Belstow Traffic Solutions vir ’n verdere ses maande tot 31 Desember 2018 verleng word.

***

**BKN041/06/2018**
**<u>KLIËNTE TEVREDENHEIDSOPNAME</u>**
**2/1**


Die Bestuurder: Administrasie lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Hy verwys na bladsy 99 in die agenda en lig etlike punte uit, waarna hy die Komitee deur die aanbeveling neem.

Die Voorsitter en die Direkteur Korporatiewe Dienste bedank die Bestuurder: Administrasie vir die harde werk gelewer tot die verslag.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat kennis geneem word van die aangehegte verslag met betrekking tot die 2017/18 Kliënte Tevredenheidsopname;
2. Dat gedurende die 2018/19 Finansiële Jaar aandag gegee word aan die onderstaande dienste wat tydens die evaluering 'n gemiddelde punt van minder as 60% behaal het; en




3. Dat die Munisipale Bestuurder en Direkteure aandag gee aan die klagtes soos gelys onder kommentaar vanaf die publiek.

***MUNISIPALE BESTUURDER & DIREKTEURE***

***

**BKN042/06/2018**
**NUWE LID: PRESTASIE EN OUDITKOMITEE EN VERLENGING VAN TERMYNE VAN TWEE LEDE**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item, waarna sy die Komitee deur die aanbeveling neem.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad die Voorsitter Me. Kim Montgomery aanstel vir 'n verdere termyn van drie jaar en heraanstel as Voorsitter van die Prestasie- en Ouditkomitee;
2. Dat Mnr. Burton van Staaden aangestel word vir 'n verdere termyn van drie jaar as lid van die Prestasie- en Ouditkomitee;
3. Dat die Raad kennis neem van die aansoeke wat ontvang is vir die vakature op die Prestasie- en Ouditkomitee;
4. Dat Me. Smit aangestel word as lid van Bergrivier Munisipaliteit se Prestasie- en Ouditkomitee met ingang vanaf 1 Julie 2018 vir 'n periode van drie (3) jaar op gond van haar kennis en ondervinding in risiko-bestuur;
5. Dat Mnr. Lawrence toepaslik bedank word vir die waardevolle diens wat hy gelewer het aan Bergrivier Munisipaliteit oor die afgelope ses jaar; en
6. Dat Mnr. Chetty aangestel word, indien Me. Smit nie die aanstelling aanvaar nie.

***

**BKN043/06/2018**
**REPLACEMENT OF MUNICIPAL ASSETS IN THE YACHT BASIN (PORT OWEN MARINA)**
**3/3/1/5**

Councillor Crafford gave a brief background to the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

1. That Bergrivier Municipality give an in-principle consent to POMA to continue with planning for the replacement of municipal assets in the form of wooden jetties on Erf no. 923, Laaiplek, the possible re-design of the layout thereof and the possible sub-leasing of these assets to third parties in terms of section 10 of the 2000 agreement;
2. That the final re-design, layout plan and ownership proposals be submitted to the Municipality for approval before implementation; and
3. That the Municipal Manager be mandated to approve the submissions of 2 in conjunction with the ward Councillor and Director Technical Services.

***

**BKN044/06/2018**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN045/06/2018**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN046/06/2018**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN047/06/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN048/06/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:10***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE*
*NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________________ __________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(WAARNEMENDE UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***